Die Heiliges staan op

Teks: Matteus 27: 45 - 56 & Sondag 22
Teksvers: Matteus 27: 52 - 53

1. Inleiding

Vanoggend in ons leerdiens fokus ons op die aktuele saak van lyksversorging. En dan meer spesifiek vanoggend lykverbranding of begrafnis. Dit is geensins ’n nuwe onderwerp nie, en verskeie van u het deur die jare al sterk opinies oor hierdie saak opgebou. Maar die lewe van die Christen gelowige kan tog nie op opinie gebaseer wees nie. Dit moet op die Woord van God gebaseer wees. Wat leer die Woord van die Here ons oor die liggaam van die gelowige, veral na die dood?

Baie dinge rondom ons is gereeld aan die verander. Ons ry nie meer meer met ossewaens hier na die kerk toe nie. Op ’n manier is dit duidelik dat kultuur en gebruike in ons samelewing voortdurend verander. Ook die regering en versorging van areas en hulpbronne in die samelewing verander. En dikwels is hierdie nalating van die versorging van die begrafplaas die oorwegende faktor in hierdie saak. Maar behoort dit so te wees vir die gelowige?

Kulterele gebruike en oortuigings, soos alles in ons lewens moet ook onderwerp word aan die opdragte uit die Woord van God gebind. Maar dan is daar ook natuurlik die vryheid wat die nuwe testamentiese gelowige geniet vandag. Daar is baie sake waarin ons self ’n besluit kan nie, maar natuurlik mag ons nie die vryheid gebruik om te sondig nie.

Waar pas die vorsinging van die lyke van ons broers en susters, en ook ons eie lyk dan in? Kan ons maar self oor die saak besluit. Of is daar optrede en gebruike wat nie die Here gaan eer en verheerlik nie, in hierdie verband?

2. My belydenis

Wanneer ’n mens oor die saak van die sterwe van afstrewe van medegelowiges praat, is dit ’n antiek Griekse oortuiging wat dikwels gehoor word. Dit is die gedagte dat ek tog nie my liggaam is nie. Ek is my siel, en my liggaam is dan letterlik net soos die voertuig wat my siel vervoer hier op aarde. En soos ek eenvoudig van ’n motorvoertuig ontslae raak, wanneer ek die nie meer nodig het, kan ek maar op enige manier van hierdie liggaam ook ontslae raak. Trouens ’n mens ervaar dikwels dat ’n persoon se liggaam eintlik net ’n las vir sy naasbestaandes geword het, na sy afsterwe.

Maar hierdie denkrigting is en was nog altyd vreemd vir die Christen gelowige. Regdeur die bybel sien ons groot moeite met die liggaam of selfs net beendere van gelowiges na afsterwe. Ons lees byvoorbeeld in Eksodus 13:18 : “19Moses het die liggaam van Josef saamgevat, want Josef het die seuns van Israel dit destyds uitdruklik met ’n eed laat beloof. Hy het gesê: “God sal beslis later na julle omsien, en dan moet julle my liggaam van hier af saamvat.” Met die uittog uit Egipte word die dooie liggaam van Josef saam gevat.

Tog is die fokus van moeite van met die liggame van afgesterwe gelowiges gedoen word, nie die dood nie maar die lewe. Sien deur die liggaam te versorg en te begrawe bely ons eintlik die opstanding uit die dood. Ons versorg hierdie liggaam wat dit is nie die einde van Hom nie, daar is ’n ewige lewe na die opstanding vir hierdie liggaam.

Die ander kant van die saak is dat lyksverbranding in die Bybel altyd ’n vervloekte saak is. Ons sien duidelik in teksgedeeltes soos Genesis 38:24, Levitikus 20:14 en selfs Amos 2 dat lyksverbranding te doen doen het met vervloek. Ons kan sê die belydenis van ’n ewige verdoemenis word uitgespreek oor die persoon wie se lyk verbrand word.

3. Fisiese opstanding van my broers en susters

Maar is ons nie nou besig om die fisiese en geestelike te veel te vermeng nie? Met ander woorde kan ek nie tog maar die opstanding van die dooie bely geestelik terwyl ek ’n voorstander of selfs kampvegter vir van kremasie van die fisiese liggaam is nie? Die bybel is mos maar net beperk tot gestelike sake, vir die fisiese werklikheid het ons mos die wetenskap. En die wetenskap leer ons mos dit is fisies onmoontlik vir ’n liggaam wat reeds ontbind het en vergaan het, om weer lewendig te word en op te staan?

Maar ons glo en bely tog dat Christus fisies liggaamlik opgestaan het. Met ander woorde dat daar ’n fisiese leë graf, sonder liggaamlik oorskot agter gelaat is. En dit is juis hierdie opstanding Christus wat ook die sentrale fokus van ons teksgedeelte is vandag. Ons ondersoek die gebeure wat plaasgevind het terwyl Christus hier op aarde gesterf het. Maar belangrik daardie gebeure wat plaasgevind het toe Hy die straf op die sonde volbring het.

Eerstens in vers 51 skeur die voorhangansel in die tempel in twee. Die mens het nou vrye toegang tot die Heilige Skepper en onderhouer van die heelal. En dit is belangrik om te beklemtoon dat daar geen argument bestaan dat dit nie fisies gebeur het nie. Maar hoe sal die mens na die Here kan gaan as Hy/Sy steeds dood vasgevang in die graf is. En dit is dan wat ons in ons teksvers sien. ’n Groep gelowiges staan op uit die dood. Ons kry die gevoel dat die dood ’n verslane mag is wat sy greep op die mense verloor, en ’n paar kom al fisies sigbaar los.

Nadat Christus opgestaan uit die dood, verskyn hierdie gelowiges dan ook aan baie mense. Ons lees nie weer verder van hierdie mense nie. Of hulle soos Lasarus maar weer bloot op ’n later stadium gesterf het, en of hulle saam met Christus opgevaar het na die hemel weet ons nie. Wat ons wel weet is dat daar nie getwyfel word, dat hulle fisies liggaam opgestaan het nie.

Maar waar hulle opgestaan is vir ons belangrik in ons gesprek vandag. Hulle word nie nuut op ’n ander plek met ’n nuwe liggaam geskep nie. Hulle is ook nie geeste en spoke wat aan mense verskyn nie. Nee hulle letterlike liggame waarmee hulle tot sterwe gekom het, staan op en kom uit hulle grafte uit.

Die argument van voorstanders van kremasie is gewoonlik dat God in staat is om selfs uit die as mense op te wek. En natuurlik is dit so, ons sondigheid beperk nie die almagtige God en hemelse Vader se vermoeë nie. Maar die manier waarop die Here die afgestorwe gelowiges wil laat opstaan, word tog aan ons op ’n skrefie geopenbaar in ons teksverse vandag.

4. Ewige troos

Getrou aan die aard van die kategismus gaan ons laaste punt oor troos. Wanneer ons dan beide vraag 57 en 58 lees begin hulle met die frase: “Watter troos”. En dit is die anderkant van ’n belydenis. ’n Diens waarna ’n gelowige eerder veras as begrawe word, word mos ’n troosdiens in plaas van ’n begrafnisdiens genoem. Tog is daar eintlik geen troos wanneer ek en my medegelowiges eerder die vervloekings ritueel, as die bybelse norm wil toepas wanneer dit by lyksversorging kom.

Die troos verskraal geweldig wanneer ons vir mekaar begin sê dat geloof in my lewe en die lewe van my broers en susters tog maar sy plek moet ken. Wanneer ons besef dat geloof ons nie meer dwing om ook ongemaklike dinge deur te sien nie. Wanneer ons besef dat moderne kultuur en gebruike, veel swaarde weeg in die lewe van vandag se gelowige as die Woord en die opdragte van die Here.

Dit is moeilik om mekaar te troos wanneer ons besef dat ons sondag na sondag opstaan om in te stem tot ’n geloofsbelydenis wat ons nie eintlik glo nie. Met ander woorde, dat ons glo in die opstanding van die liggaam, maar uiteindelik is dit net lippe taal. Ons is nie bereid om teen populêre oortuigings in ons samelewing in, hierdie belydenis ook met die daad te gaan uitleef nie.

Wanneer ons eenvoudig deur die stroom saamgesleep word om kremasie te ondersteun en bevorder, trek ons eintlik ’n lyn deur ons belydenis. Maar genade van die Here is groter, Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit, met die antwoord op die gewetensbinding. Deur die jare plaas ons as kerk nog altyd hierdie gewetensbinding op ons lidmate. Ons glo en bely dat ’n fisiese begrafnis en nie ’n kremasie strek tot eer en verheerliking van die Here. En dat dit nie net tot eer en verheerliking van die Here lei nie. Dit is ook die manier waarop ons mekaar as medegelowiges wat agterbly vertroos.

Die wete dat die persoon wat afgesterf het so seker is van sy/haar opstanding dat hy/sy uitdruklik opdrag gegee het om begrawe te word. Die wete dat hy/sy geglo het dat hulle graf ook op die wederkoms sal opgaan en die fisiese liggaam sal opstaan. Die wete dat hy/sy hulleself reken by die heiliges in ons teksverse wat ons vandag bestudeer het.

Wanneer ons hierdie saak uit die Woord ondersoek is daar geen rede dat die kerk enigsins haar siening oor die saak moet

verander. Kom bid vir mekaar dat ons, in plaas van hardkoppige eiewillige Godsdiens onsself eerder sal onderwerp aan die wil en opdrag van die Here. Maar kom troos mekaar ook met die wete dat die gelowiges beslis uit die dood opstaan, en dat ek die vorreg het om hierdie belydenis ook my laaste belydenis te maak deur middel van ’n testament inskrywing.

Amen